

**UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD
(UK)**

HANDLEIDING IN TERME VAN

ARTIKEL 14(1) VAN DIE

WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

WET 2 VAN 2000

INHOUD

- 1. Inleiding: Funksies van UK**
- 2. UK Struktuur**
- 3. Kontakinligting**
- 4. Die Inligtingsgids van die Kommissie vir Menseregte**
- 5. Rekords in besit van UK**
- 6. Dienste beskikbaar van die UK aan lede van die publiek**
- 7. Deelname aan die formulering van beleid of besluitneming**
- 8. Prosedures en appèlle in die geval van 'n aksie of gebrek aan aksie deur die Universiteit**
- 9. Verdere inligting**
- 10. Versoeke**
- 11. Versoekgelde**

1. Inleiding: Funksies van UK

Die UK is 'n openbare inrigting van hoër onderwys in terme van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 en is gerig op onderwys, navorsing en openbare dienste.

Die interne beheerstruktuur van die UK word bepaal deur die Wet op Hoër Onderwys, 1997, en die UK Statuut wat in die Staatskoerant van 20 September 2002 gepubliseer was en daarna gewysig is, en tans beskikbaar is op die UK webblad by www.uct.ac.za.

2. UK Struktuur

Die bestuurs- en ander strukture van die universiteit word in die Statuut van die UK beskryf. Die Statuut van die UK is gepubliseer onder Staatskennisgewing Nr 1199 van 20 September 2002 soos gewysig deur:-

- Staatskennisgewing 259 van 26 February 2004,
- Staatskennisgewing 476 van 20 May 2005,
- Staatskennisgewing 748 van 27 August 2010, and
- Staatskennisgewing 408 van 23 May 2012

3. Kontakinligting

Adres: Bremner gebou, Lovers' Walk, Rondebosch

Posadres: UK, Private Bag X3, Rondebosch, 7701

Telefoon: 021-650-2115/6

Faks: 021-650-2138

Webblad: www.uct.ac.za

Hoof van Instelling: Dr Max Price, Vise-Kansellier

Faks: 021-650-5100

Epos: vc@uct.ac.za

Die Registrateur dien as Adjunkinligtingsbeampte in gevolge die magte en pligte soos aan hom/haar deur die Vise-Kansellier gedelegeer.

Aansoeke in terme van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting moet gestuur word aan die Registrateur.

Adjunkinligtingsbeampte: Royston Pillay, Registrateur

Faks: 021 650 2138

Epos: registrar@uct.ac.za

Vir inligting wat deur die fakulteite beheer word, kan aansoeke gerig word aan die volgende Adjunkinligtingsbeampes:-

Geesteswetenskappe: Tracy Goslar
tracy.goslar@uct.ac.za

Natuurwetenskappe: Karen Wienand
karen.wienand@uct.ac.za

Regsgeleerdheid: Sashni Chetty
sashni.chetty@uct.ac.za

Handel: Kashni Maistry
kashni.maistry@uct.ac.za

Ingenieurswese: Gita Valodia
gita.valodia@uct.ac.za

Gesondheidswetenskappe: Brenda Klingenberg
brenda.klingenberg@uct.ac.za

4. Die Inligtingsgids van die Kommissie vir Menseregte

Die Kommissie vir Menseregte het 'n gids uitgereik om 'n persoon te help wat enige regte wil uitoefen soos beoog in dié Wet. Die kontakinligting vir die Kommissie vir Menseregte se inligtingsgids is as volg:

SA Kommissie vir Menseregte
Posadres: Privaatsak 2700, Houghton, 2041
Telefoon: 011-484-8300
Faks: 011-484-0582
Webblad: www.sahrc.org.za

5. Rekords in besit van UK

(a) Rekords wat outomaties beskikbaar is of vrywilliglik bekend gemaak kan word:

Alle inligting of rekords wat op die UK se webblad gepubliseer is, is outomaties vrywilliglik beskikbaar, sonder om PAIA versoeke in te dien.

Hierdie sluit in:-

1. Verslae
2. Studente handboeke, reëls en leerplan inligting
3. Nuusbriewe, mediaverklarings
4. Inligting aangaande die Universiteit

Die bogenoemde inligting is beskikbaar op die webblad of op aansoek aan die Inligtingsbeampte.

(b) Kategorieë van rekords wat deur die Universiteit gehou word en versoek mag word in terme van PAIA:

1. Rekords van die internebeheerstelsel (die Raad, die Senaat, die Institusionele Forum, die Studenteraad, die Konvokasie en die Universiteit se komitees)
2. Rekords van individuele studente
3. Rekords van individuele personeel
4. Navorsing, wetenskaplike en tegniese rekords
5. Finansiële rekords, verslae, kontrakte en bateregisters

(c) Kategorieë van rekords wat beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang moet versoek (artikel 15):

Geen kennisgewing was tot op datum gepubliseer nie

6. Dienste beskikbaar van die UK aan lede van die publiek

'n Omvattende lys van dienste is vervat in die universiteit se jaarlikse handboeke wat besigtig kan word op die UK se webblad by <http://www.uct.ac.za>.

7. Deelname aan die formulering van beleid of besluitneming (artikel 14 (g))

Studente en personeel neem deel aan die beleid en besluitsnemingsproses van die UK binne die riglyne van die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101, van 1997, soos gewysig, sowel as volgens die terme van daardie interne prosedures soos van tyd tot tyd ooreengekom met verteenwoordigende student- en personeel liggame.

Ander belangstellende persone mag hulle kommentaar of voorstelle skriftelik rig aan die Registrateur by die adres soos verskaf in paragraaf 3 hierbo.

8. Prosedures en appèlle in die geval van 'n aksie of gebrek aan aksie deur die Universiteit

'n Lid van die publiek mag 'n geskrewe klagte by die Registrateur indien.

Personeel kan gebruik maak van die Universiteit se interne beswaarprosedure.

Indien die klag in verband staan met 'n aksie of gebrek aan aksie in terme van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, mag die klaer stappe neem soos aangedui in gedeelte 74 tot 82 van dié Wet.

Prosedures vir studente- klage en appèlle is ten volle uiteengesit in die jaarlikse handboeke wat besigtig kan word by www.uct.ac.za.

9. Verdere inligting

Treë in verbinding met die Inligtingsbeampte by die kontakinligting verskaf in paragraaf 3 hierbo vir enige ander inligting wat nie in hierdie handleiding bevat is nie,

Andersins kan die Universiteit se webblad by <http://www.uct.ac.za> besoek word. Die handleiding is ook in Engels en Xhosa beskikbaar.

Hierdie weergawe van die handleiding is April 2017 gedateer.

10. Versoeke

(a) Versoeker:

'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van UK as 'n publieke liggaam gegun word indien die versoekerr voldoen aan die volgende:

- die versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in die Wet wat

verband hou met die versoek vir toegang tot daardie rekord; en

- toegang tot daardie rekord word nie geweier nie op enige grond van weiering soos genoem in die Wet.

(b) Aard van die versoek:

‘n Versoeker moet die voorgeskrewe vorm [Regeringskennisgewing R187-15 Februarie 2002 Vorm A] gebruik. Dit is verkrygbaar op die volgende webblaaie: www.sahrc.org.za of www.doj.gov.za.

Die versoeker moet aandui of die versoek vir ‘n afskrif van die rekord is en óf die versoeker die rekord slegs wil besigtig. (Indien die rekord nie ‘n dokument is nie, kan dit in die versoekte formaat besigtig word [a 29 (2)].

‘n Versoeker wat vra vir toegang in ‘n sekere formaat behoort toegang op die aangevraagde manier te verkry, tensy dit onredelik inmeng met die bestuur van UK, of die rekord kan beskadig, of die kopiereg kan verbreek. Indien vir praktiese doeleindes toegang nie in the aangevraagde formaat gegee kan word nie, maar op ‘n ander manier, moet die koste bereken word volgens die manier waarop die versoeker daarvoor gevra het [a 29 (3) en (4)].

As ‘n versoeker ‘n geskrewe antwoord wil hê óf van die besluit op ‘n ander manier ingelig wil word, bv. telefonies, dan moet die versoeker dit aandui [a 18 (2) (e)].

As ‘n versoeker namens iemand anders vir inligting vra, moet die hoedanigheid waarin die versoek gemaak word, aangedui word [a 18 (2) (f)].

As ‘n versoeker nie kan lees of skryf nie, of gestremd is, dan mag die versoeker mondelings vir die rekord vra. Die Inligtingsbeampte moet dan die vorm namens die versoeker invul en ‘n afskrif aan hom / haar gee [a 18 (3)].

11. Versoekgelde

Daar is twee soorte versoekgelde naamlik die versoekskoste en die toegangskoste. Hulle is in die Staatskoerant op 9 Maart gepubliseer, in Staatskennisgewing R223.

‘n Versoeker wat toegang soek vir ‘n rekord wat persoonlike inligting aangaande daardie versoeker bevat, word nie vereis om die versoekskoste te betaal nie. Elke ander versoeker,

wat nie hul persoonlike inligting soek nie, moet die vereiste versoekskoste van R50 betaal.

Die inligtingsbeampte moet die versoeker in kennis stel (anders as 'n persoonlike versoeker) per kennisgewing, en vereis dat die versoeker die voorgeskrewe gelde van R50 betaal voordat die versoek verder verwerk kan word.

Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit aangaande die versoek gemaak het, moet die versoeker ingelig word van die besluit op die manier waarop die versoeker gevra het om ingelig te word.

Indien die versoek toegestaan word moet 'n verdere toegangskoste betaal word om die inligting te vind, voor te berei, en te reproduseer en vir enige tyd wat die voorgeskrewe ure oorskry het om die rekord te soek en voor te berei vir oorhandiging.

Die struktuur vir versoekgelde is verkrygbaar by www.sahrc.org.za of www.doj.gov.za.

Royston Pillay

Mei 2017